

Preek Sondag 17 Mei 2020 | Gekombineerde Oggend-en-gesinsdiens

Ds. Callie Visagie

Ek het groot geword met in tye van droogte om reën met bidure by die kerk op die dorp wat ek groot geword het en sg. wyksbidure – vir droogte wat gebreek moet word. By baie van hierdie droogte bidure het ek gesit en gesien hoe boere swaarkry. In my eie jong omgaan met God en verantwoording van my eie geloof het ek, onthou ek myself gevra: Hoeveel sonde moet my pa-hulle nog bely, terwyl die dorpenaars lustig voortgaan om besigheid te doen, blykbaar nie deel van die sondaars nie ...

My broer, Riaan, boer steeds op ons familiegrond. Hy en sy bure tussen Williston en Calvinia voer al vir ongeveer sewe jaar. Beteken dit dat hulle sonde nou groter is as ander s'n? Word hulle gestraf as dit reën 'n paar kilometer verder dorp se kant toe, maar by hulle val daar nie 'n druppel nie? As my bure Jan en Kota se dogter in 'n fratsongeluk sterf, is dit God wat hulle straf, omdat hulle nie toegewyd genoeg leef nie?

Ek ken van kindsbeen af hierdie teologie en onderliggende denke oor God: droogte (en swaarkry of lyding) is daar om ons te straf, ons van ons verkeerde weë te laat bekeer. Is dit waar baie van ons met lyding, krisis (die koronavirus) is – dat ons ons tot God moet bekeer om aan sy straf te ontkom?

Petrus se twee briewe wil ons daarmee help

Skriflesing: 2 Petrus 3: 8-18

Hierdie brief, het ons die afgelope Sondag gehoor, is geskryf in 'n tyd toe gelowiges swaar getrek het en dit moeilik gehad het. Petrus, oftewel Silvanus, skryf aan hulle om hulle te bemoedig, hoop te gee. Dan help hy hulle om hul teologie reg te kry.

Hy praat met hulle oor die eindtyd en die wederkoms en dat hulle hulle nie deur allerhande dwalinge moet laat verlei nie.

Dit is natuurlike en ooglopende vrae wat mense begin vra as dit swaar gaan:

Individueel as rampe en moeilikheid my tref:

- Straf die Here my nou? Wat het ek verkeerd gedoen?
- Is daar nou 'n vloek oor my en my familie uitgespreek? Is dit miskien waarvan die Bybel praat: die "sonde van die derde en vierde geslag"?
- Moes ek my lewe anders ingerig het?
- Die Here wil dit nie vir my laat uitwerk nie, Hy gun dit nie vir my nie.

Maar ook op korporatiewe of makrovlak:

- Wat van Hiroshima en Nagasaki?
- Die Jode slagting in die gaskamers
- Dodelike tsunamis wat verwoesting voor die voet saai en onskuldige mense se lewens verwoes en uitmekaar ruk
- "Is Covid-19 'n manier om die wêreldbevolking in toom te hou?" vra iemand in 'n Bybelstudiegroep
- Is hier 'n hemelse oordeel aan die gang en wil God ons wys ons is op verkeerde weë? Kyk hoe is dinge besig om ten gronde te gaan – die wêreld oor!

Die mense aan wie die brief geskryf is en wat in eerste eeu nC geleef het, het met 'n sterk toekomsverwagting (dat die wederkoms gou sou aanbreek) geleef

- Ophou werk en goed uitgedeel en letterlik gewag - gewag dat die Here weer sal kom.
- Ons kan terugkyk en weet dit het nog nie gebeur nie.

Eerste saak wat skrywer hier aanspreek:

Dit is nie vir julle om te weet nie

Vers 8, 10, 11

“Een ding moet julle egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag.

Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. En op dié dag sal die hemel met 'n groot gedruis verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan.

Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom, moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe.”

Gedurende sy 1960 presidensiële veldtog het **John F. Kennedy** dikwels sy toesprake geëindig met die storie van **Kolonel Davenport**, die speaker van die Huis van Verteenwoordigers van Connecticut.

- **Op 19 Mei 1780** het die hemelruim bokant Hartford onheilspellend donker geword en sommige van die raadslede het, terwyl hulle by die vensters uitgekyk het, begin glo dat die einde van die wêreld op hande was.
- In reaksie op voorstelle dat hulle onmiddellik verdaag, het Kol. Davenport opgestaan en gesê: “Die Oordeelsdag is óf besig om aan te breek óf dit is nie. As dit **nie** besig is om aan te breek nie, is daar geen rede om te verdaag nie. En as dit **wel** besig is om aan te breek, sou ek verkies dat dit aanbreek terwyl ek besig is om my werk te doen. Daarom stel ek voor dat kerse aangesteek word.”
- Die Huis het sy werk onverpoosd voortgesit tot die donkerte uiteindelik verdwyn het. Wetenskaplikes spekuleer dat rook was wat van 'n groot veldbrand uit die noordelike Kanada-omgewing gekom het.
- Die afbeelding is 'n skildery wat hierdie aanhaling van Davenport gedenk.

Petrus/Silvanus verwys na Paulus wat oor hierdie toekomsverwagting en die einde skryf en sê: Paulus se teologie is bietjie hoog! Hy sit dit gewoon te diep in om te verstaan! Hy sal eenvoudiger verduidelik.

Dan sê hy baie mooi in vers 17:

“Wees dus op julle hoede dat julle nie meegesleep word deur die dwaling van beginsellose mense en so van julle eie standvastigheid beroof word nie.”

In tye van krisis, swaarkry, pandemie of oorlog vra baie mense (nie noodwendig almal nie):
HOEKOM?

Goedkoop antwoorde is gevaarlik

Bybelkenners en teoloë en gee stroopsoet, goeie antwoorde!

- Te stellige sekerhede oor God is gevaarlik. By Bybelkennis wat ons mag hê, pas veral nederigheid oor die Godskennis wat ons het, want: die Bybel is nie God nie.
- Die Bybel is hoogstens die Woord van God, oor God, waaruit ons genoeg te hore kom om ons op koers te plaas.
- Die Bybel gee nie uitgeklaarde, klinkklare antwoorde nie – dis nie 'n handleiding nie.
- Die Bybel is nie soos die diagramme wat 'n mens bykry as jy 'n elektroniese apparaat koop en waarvan die bedrading tot in die fynste besonderhede verduidelik word nie.

Só het die profeet in ballingskap – ver van Jerusalem – bely:

Jes. 45:15 Waarlik, u is God wat U verborge hou, die God van Israel, die Redder!

“**God is nie beskikbaar vir nuuskierige oë nie**”, skryf Ferdinand Deist. “En nie een van ons sal Hom ooit in woorde kan omskryf en verklaar nie.”

Job se worsteling met sy lyding en sy twisgesprekke met sy vriende help ons:

- Job was die een met die onsekerheid in sy hart. Die een vir wie sy beeld van God nie met God geklop het nie,
- terwyl sy vriende voorgegee het om presies te weet hoe God se raad werk en daar uitsien.

Die kerk (en gelowiges) kom gee dikwels té seker antwoorde.

- Ons moet eerder nederig wees en erken dat ons juis NIE weet nie.

- Eerder as om soveel antwoorde te soek, moet ons energie nie veel eerder daarin lê om te berus daarin dat ons NIE noodwendig hoef te weet en kan weet en verstaan nie?
- Dat die God wat ons dien, groter is as ons menslike begrip en dat DIT juis ons troos is: dat hierdie God, groter as ons menslike denke of woorde oor Hom, by ons is deur krisis, siekte en pandemies – op pad is met ons.

Ons val soms self in die strik van sulke goedkoop antwoorde

- “Die Here kom pluk die mooiste blommetjie vir sy tuin.”
- Ons verklaar met groot stelligheid: Hierdie pandemie is God se straf op die mensdom: Ons het soos Babel geword, ons moet ons van ons sondige weë bekeer, God slaan nou hard, ons verniel die aarde, die aarde moet tot rus kom.
- **Burundi se presidensiële segsman** beweer hulle land is die Covid 19 gespaar, omdat hulle “as ‘n land God eerste stel”. Noudat daar by hulle ook gevalle voorkom, wonder mens waar God nou vir Burundi stel. Derde of honderdste?

Die vraag ten diepste, oor die antwoorde wat ons gee, is: Hoe lyk ons Godsbeeld? Hoe dink ons oor God?

Een so ‘n Godsbeeld is dié van ‘n God wat moet SORG. Dit is die kriterium. As Hy nie iets doen nie, misluk Hy in ons oë.

- God as soort nutsman, verpleegster, dokter, handlanger, versekeringsbeampte, polis, ‘n tipe verstaan dat God net daar is om my te help en in al my behoeftes te voorsien. Dit maak dit vir my die moeite werd.

Ons moet oppas dat ons nie God na ONS beeld en gelykenis skep nie. En dan sê: So is God nie.

Die Fariseërs word soms negatief voorgestel, maar in hulle tyd was hulle eerlike dominees, teoloë – en selfs hulle het só verkeerd oor God gedink dat hulle sy gesant aan die kruis opgehang het.

Die vraag is natuurlik of God onmagtig is en of dit eerder die een is wat ons met ons godsdienstige taal en konsepte geskep het.

Die hoekom-vraag en ons goedkoop antwoorde daarop

Die hoekom-vraag en ons goedkoop, goed uitgewerkte teologiese antwoorde daarop (waaronder allerhande teorieë dat die pandemie bv. God se straf is), maak dat ons ons verbeel dat ons God se weë en sy raadsplan as mense ken en verstaan.

Die enigste waarby ons kan uitkom, is elkeen om in hierdie hele proses, wat ookal my ervaring of beleving mag wees, te vra: **Waarnatoe Here, met my?**

- Hoe wil U my gebruik?
- Wat moet ek nuut hoor of anders sien?
- Is daar iets in my lewe wat ek moet regstel?

Hierdie vrae is nie om die Here te manipuleer nie, maar ‘n diepe nadenke en besinning om te weet hoe ek en jy in ons omstandighede moet optree of reageer.

Ons moet onself afvra of ons altyd maniere, metafore en beelde het om God te beskryf.

In Jesus het God vir ons kom wys wie Hy is, toe Hy Hom met die mens kom identifiseer het.

- Hoe Hy sy lewe gegee het.
- Hoe Hy in nood en lyding by mense betrokke geraak het.
- Hoe Hy saam gehuil en geloop het. By nood en seerkry betrokke geraak het.
- Homself ontledig het.
- Saam met mense geloop het, hul wonde verbind het, hoe Hy die ander wang gedraai het.

Al ons Godsbeelde is uiteindelik maar taalkonstruksies/maniere/uitdrukkings wat ons óf help óf ons belemmer om God werklik beter te verstaan.

- Ons moet oop wees vir die veelkleurige misterie en wonder van Wie en Wat God is. Anders as wat ons verwag of dink.

Gelukkig is God groter as ons denke oor God. Gelukkig is Hy groter as ons beelde oor Hom en sal Hy ons nie kwalik neem dat ons **nie** weet nie.

Prof. Louis Jonker (oud-Eendragter en prof. in die Ou Testament by die teologiese kweekskool op Stellenbosch) vertel van 'n blinde student wat baie goed gevorder het met klasse, lesmateriaal en ook boeke wat hy as audio kon luister.

- Dié student kom op 'n dag na hom toe en sê vir hom dit is vir hom baie moeilik om die hele prentjie van oud-Israel te verstaan. Hy verstaan soortvan hoe mense dit probeer verduidelik, maar hy kan dit steeds moeilik vir homself visualiseer.
- Louis het daardie nag daarmee geworstel om te besluit hoe hy dit op die beste manier kan verduidelik. Die volgende oggend kom hy in sy kantoor en sien teen sy muur hang 'n plat kaart van oud-Israel. Skielik besef hy aan die agterkant van die muur, in 'n ander kantoor, is 'n topografiese kaart wat een van sy vorige kollegas van oud-Israel gemaak het.
- Hy vertel van die ongelooflike ervaring om die blinde se hande te neem en hom oor Juda, Samaria, Palestina, See van Galilea te neem, die Dooie See, die Jordaanrivier ... hoe sy gesig ophelder, want hy "sien"!
- **Maar: dit is nog nie Israel nie! Dit is steeds iets anders, 'n afbeelding.**

Ons leer God ken deur die Bybel en die verhale van mense wat God gesoek en leer ken het in hul handel en wandel met Hom. Maar dit is nie God nie! Dit is bloot 'n gebrekkige, menslike voorstelling.

Sheila Cussons skryf hierdie gedig:

Hoe sal ek U ooit ken?
U is te naby, U is te ver,
U klewe aan my kyker vas
Wykende, wyderende ster

En om u stersyn kring u ruim,
En om u ruimtes – Wie?
Die gees verleng tot laser, leng . . .
En brand deur Wie; deur wat; deur Nie . . .
Dan snap ek die genade –
Suiwerder as weet, duideliker as pyn –

Dan wyk dat ek moet nader,
Altyd verder nader . . .
O verborge Wonder,
Magneet, wat ek sal ken!

Ons kan ten minste weet, soos Ferdinand Deist so treffend skryf:

- God is tegelyk die geopenbaarde God, maar ook die verborge God
- Luther beaam dit: God is ons Vader, God is naby aan ons, maar Hy is steeds God – te groot vir menseverstand, te hoog vir definisie
- Daarom durf 'n mens steeds na God soek – al het jy Hom reeds gevind. Want by al ons gebrek aan kennis weet ons ten minste dit: God IS.

Ons word in die tyd deur omstandighede almal bykans gedwing om te "pause" en die vraag is wat is ons volgende stap nou. "Reset" jy of gaan jy in "lockdown" bly – en "Shutdown"? Die Here se genade is die "reset" knoppie vir elke nuwe dag – sy genade is presies dit: Hy laat ons toe om ons lewens te "reset" en nuut te begin.

Terug by oproepe tot inkeer en bidure in tye van krisis. As ons in hierdie uitdagende tye leef én bid, kan ons onself en mekaar daaraan herinner dat ons 'n genadige God dien, 'n God wat BY ons in pyn

en lyding is, 'n God wat ons elke dag help om nuut te begin. 'n Groot God, wie se plan en besluite ons nie hoef te verstaan of KAN verstaan nie.

Gebed

Herinner my, o groot Geneser, dat pyn en siekte,
mislukkinig en teleurstelling en hartseer
Nié u straf op ons foute is nie
Plaas my voete in sulke tye op die stewige rots
van u belofte dat U altyd by my sal wees,
selfs al gaan ek deur donker dieptes
En, Here, leer my die moeilike les dat elke donker uur
'n besondere geleentheid kan wees
Om u liefde en genade nóg nader te leer ken

René Bideaux